## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Anton Brits,** kanker (Valerie 083 707 3814); **Christa van den Berg**, kanker (083 787 3891); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607); baba **Nicolaas Barnard**, hart (Liezl 083-700 5115); **Ben Truter**, kolonkanker, (Sarie 082-454 1652); **Aldrich Kruger**, papillêre skildklierkanker en versprei na longe, (ouma Barbara 083-719 2313); **Ronel Stander**, kanker (061-600 7823); **Gerty Stander** by dogter na beroerte (Dalana 072-182 8038); **Thinus Eloff,** Medi-kliniek George; **Enna Turnell**, heup operasie (Engeland); **Amanda Erasmus,** (082-563 1758); **Antoinette Kichenbrand**, (082-778 6461); **Lorraine Halkett**, tongkanker (044 690 4897); **Lenie de Wet**, by huis na siektes (083-275 4413); **Rino Brochetto**, ernstig siek (082-828 8460). **Tekkie van Rensburg**, met Covid19 in Bayview (vrou Henkie 074-506 3116); **Rudolf van Zyl,** (083 285 1946); **Danie Pretorius**, hart (082 569 8360); **Johan Bosch**, rugoperasie (083 308 9044); **Steynie Steynberg**, hart (082-928 9713) **Hennie le Roux**, kolon (Erna 082 925 6128); **Adolf Gouws**, knie vervanging (Marentia 072 455 0099); **Fanie van Vuuren & Susan**, Covid (082-425 3250); **Jan & Hoffie Brazel**, Covid19 (Hoffie 083-496 1645) **Elsa Kapp**, kanker (Elmarie 082 424 4581). Naasbestaandes van **Koos Fourie** (Almerie 044 690 3025).

*Laat weet gerus vir Corné, Elize Barnard of 'n leraar van jouself of iemand anders. Ons stel belang, wil saam bid, en graag ondersteun met oproepe of moontlik 'n besoek.*

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai, ABSA – 2070580023
(Indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing.)
**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

## BEDIENINGS

**Roeping:** Lorinda Maritz (083 440 5933) en Jacques le Clus (073 172 8424)
**Erediens:** Herman Spies (083 373 5700)
**Diakonie:** Koos Crause (083 229 1178)
**Familie:** Nico Knoetze (083 656 2129)
**Kleingroepe:** Riaan van Nierop (082-337 5029)
**Omgee:** Elize Barnardt (082 829 8133)
**Sending:** Ena Loubser (082 736 5339)
**Aksie Sam:** Johan Meyer (082 772 5490)
**Finansies:** Cobus Coetzee (082 453 3305)
**Eiendomme:** Lodewyk Coetzee (082 939 0443)
**Seniors:** Johan Swart (081 875 5178)
**Kommunikasie:** Anna-Mari Kruger (083 655 1171)
**Gasvryheid:** Marisca Nordjé (082 780 2408)
**Nuwe Lidmate:** Amor vd Walt (073 296 0150)
**DVK:** André Geldenhuys (083 455 7764)
**Basaar:** Thinus van Staden (082-490 6709)

## PREDIKANTE

**Gerrie van Deventer:**
044 690 5140 / 084 436 9420 /
gerrie@ngmosselbaai.co.za

**Pierrié Kies:**
044 690 6797/ 076 110 4202 /
pierrie@ngmosselbaai.co.za

**Henri Meyer:**
044 691 1393 / 083 455 6940 /
henri@ngmosselbaai.co.za

Snap here to pay
SnapScan

Maak gerus gebruik van die Snapscan toepassing op jou slimfoon om bankkollekte of dankoffer te gee.




# FAMILIENUUS

SONDAG 22 November 2020

| 08:00 | 10:00 | 18:00 |
|---|---|---|
| Koelteboomdiens | Sonskyndiens | Kuierkerk |

**Prediker:** Henri Meyer
**Skrif:** Eksodus 12:1-16
**Tema:** Pasga

**Prediker:** Henri Meyer
**Skrif:** Eksodus 12:1-16
**Tema:** Pasga & Paasfees

## KINDERKERSDIENS 10:00 i.d. Klipkerk

Die 10:00 diens is vandag in die Klipkerk en dis ons spesiale Kinderkersdiens gerig op die kleuters & laerskoolkinders en hul gesinne. Daar is dus nie junior kategese nie. Hiermee begin ons al in die gees van Kerstyd kom.

**Kom drink tee/koffie na kerk!**
Kuier en saamwees is deel van ons storie hier! Kom kry 'n wegneem-beker by die Gemeentehuis. Welkom!

Die Spesiale deurkollekte gaan vandag vir die **Kerkbode Kersfonds**
Hulle is reeds sedert 1940 besig om geld in te samel vir 42 kinderhuise. Met staatsubsidies wat drasties verminder is, voer kinderhuise 'n stryd om oorlewing. Ons bydrae maak dit moontlik vir dié kinderhuise se inwoners om 'n stukkie bederf, of selfs 'n noodsaaklikheid te beleef. Die NG Kerk se fokus om armoede deur middel van vroeë kinderontwikkeling te bestry, maak die Kersfonds 'n uitbreiding van dié doelwit.

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure : Maan.– Vry. 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste*

**Admin- en Kommunikasiebeampte:**
Corné Human - 083 964 6368
E-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
**Finansiële beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren
E-Pos: finansies@ngmosselbaai.co.za

**Fasiliteitebestuurder:**
Org v. Heerden - 083 378 2467
E-pos: fasiliteite@ngmosselbaai.co.za
**Musiekleier:**
Stefanie Keyser – 082 499 8274

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MAANDAG** 23 Nov | 06:30 Bid saam | | |
| **DINSDAG** 24 Nov | 10:00 Vrouebybelstudie | 09:00 & 18:00 Coram Deo 1ste jrs | 09:00 & 18:00 Coram Deo Alumni |
| **WOENSDAG** 25 Nov | | | |
| **DONDERDAG** 26 Nov | 09:00 & 18:00 Coram Deo 1ste jrs | 10:00 Gebed en Deernisbediening afsluiting | |
| **VRYDAG** 27 Nov | 06:00 Mannegroep-biduur | 06:00 – 18:00 BIBLIATON | |

# IN FOKUS

## KERSSANGDIENS – 29 NOV. 19:00

Kerssangdiens is groot en NB!!! Ons wil graag meer mense veilig laat deelneem en daarom is vanjaar se Kerssangdiens in die buitelug by **Salt & Copper** net buite Hartenbos. **Bring jou piekniekstoel** en kom geniet die aand saam met ons.
Onthou asb om te bespreek aangesien ons beperk is tot 500 persone vir buitelug-byeenkomste .

## COVID 19 ERNSTIGER

Ons is bewus van die ernstige vlaag van Covid 19 in Mosselbaai en tuinroete en het self lidmate wat geraak is. Ons bid vir geïnfekteerdes, geaffekteerdes, mediese personeel en SA.
Ons moes dus die Potjiekos ete afstel asook die Kerkraadskamp die afgelope naweek. Ons vra ook dat lidmate strenger by protokol bly waar saamgekom word.

## LERAARS BEPLANNING: 1-2 Des.

Ons leraars het besluit om ons beplanning met 2 weke te skuif na 1-2 Des. Bid asb. Saam vir wysheid en onderskeiding.

## HOOGTEPUNTE WAT WAG!

- **22 Nov – Kinderkersdiens**
- **27 Nov - Bibliaton**
- **29 Nov – Kerssangdiens**
- **6 Des – Junior Kategese afsluiting**
- **12 Des – Afval-ete in Klipkerk (R150 pp)**
- **17 &18 Des – Klipkerk Kersmark**

Ons nooi mense uit om deel te wees van die God-oomblikke wat hierin beleef kan word.

## OMGEE-GHOLFDAG - 4 DES.

Ons bied weer ons gholfdag by Mosselbaai Gholfklub aan op Vrydag **4 DESEMBER.** Afslaantye is van **10:10-13:30**. Bespreek telefonies by Lizete 044-691 2379.
Ons hou gholfdag om met mense te "connect", maar ook om ons **NOODFONDS**, waaruit ons baie mense en gesinne in krisis help, te befonds. Formaat is 'n Beterbal kompetisie. Hoe kan jy help? Wel met borgskappe vir putjies, inskrywings van 4-balle, pryse (x2 of dubbel) en natuurlik donasies. Skakel met Deleen J van Vuuren by die kantoor wat sake koördineer.
Items wat geskenk word kan by die kerkkantoor afgegee word,

## VLAK1: KERKDIENSTE 50% OOP / 250

Bespreek jou plek by die kerkkantoor 044 691 2465 of aanlyn: ngmosselbaai/toegang/erediens bywoning

# JY'S GENOOI OM DEEL TE WEES:

## BIBLIATON - VR. 27 NOVEMBER

Ons gemeente vier die Woord van God met dankbaarheid!

KOM: enige tyd tussen **06:00 en 18:00**. Kom lees solank as wat jy wil!

BRING: jou Bybel, jou gesin, jou kleingroep, jou bedieningslede, jou vriende, jou hartsmense ...

MELD AAN in die KLIPKERK vir: 'n uitstalling van die Woord, 'n Bybelgedeelte om te lees, heerlike koffie en tee (en sap vir die kleines), en inligting (indien jy wonder oor iets...)

En gaan lees rustig en met oorgawe in enige van die leesstasies: klipkerk; kerkgebou; of tuin....

NB: die nodige protokol vir Covid-19 sal in plek wees.

Vir enige navrae: ds. Henri (083 455 6940) of Ena (082 736 5339).

## AKSIE SAMARITAAN ENGELTJIE PROJEK.

Op 29 November, 6 & 13 Desember verkoop ons "engeltjies" by beide oggend dienste.

**Die "engeltjies" sal ook vanaf 22 November by die Kerkkantoor beskikbaar wees.**

Vir 'n donasie van slegs R50, kry jy 'n pragtige, handgemaakte inkopiesak. Hierdie fondse word gebruik om vir ons 32 Samaritaan gesinne die bestanddele vir 'n kersete en geskenkies vir die kinders te kan koop.

Baie dankie vir jou ondersteuning! Vir bestellings, kontak gerus vir Johan Meyer per WhattsApp 082 772 5490 of per e-pos johanme@xsinet.co.za

## JANNIE DU TOIT KONSERT: Sat 19 Des.

Ons bied graag 'n vertoning van Jannie saam met Chanie Jonker en Annelie du Plessis- Hoberg oor Ttreoux se liedjies aan: *„Die maan deur 'n gaatjie in die nag"*

## ROOI SAKKE PROJEK: 29 NOV.

Die Omgeebediening is betrokke by die twee ACVV Tehuise, Onse Rus en Ons Huis, Benevolent Park en Huis Elsjé.
Ons wil graag vir Kerstyd die inwoners en die personeel bederf, hierdie was nie 'n maklike jaar vir hulle nie.

As u kan, neem asseblief 'n ROOI SAK, pak die produkte in wat op die lysie is wat aan die sak vasgekram is en bring asseblief die sak op die **29 NOVEMBER 2020 terug** kerkkantoor toe.

Voel vry om 'n persoonlike briefie met 'n Kersboodskap in die sak te gooi. Anders plaas net 'n item of twee in die rooi bokse beskikbaar en ons sal die sakke pak. U deelname sal verseker vreugde bring in die Kerstyd.

Vir enige navrae, skakel gerus vir Elize Barnard of die Omgeebediening by 082 829 8133.

## KATEGESE AFSLUITING – SONDAG 6 DESEMBER 2020.

'n Opwindende SKATTEJAG wag op ons Gr R - Gr 6 kategete wanneer ons op 6 Desember afsluit. Dit sal van 8:45 - 10:00 duur. Die Gr4 -Gr6 kategete sal hulle angverwagte kerskouse ontvang en heerlike lekkernye sal geniet word. Ons sien uit om al ons kinders daar te sien!
Sterkte intussen vir al ons kinders met die eksamens. Ons dink aan julle!

## KLIPKERK KERSMARK 17&18 DES '20

Indien jy kersgeskenke beplan, wag asb. vir hierdie mark.

Daar is iets vir elkeen vanaf babas tot seniors. Boonop is daar die Kafee wat watertand lekker verversings verkoop.

Kom ontspan met 'n koppie tee/koffie en ondersteun die mark.